**HOE DIE OPSTAANDING ALS VERANDER HET**

1. EK HET NIE NODIG OM MET SKULDIGHEID EN SKAAMTE ROND TE LOOP!

   *"Deur sy geliefde Seun is ons verlos deurdat Hy sy bloed vir ons gestort het. Ons oortredings is vergewe omdat God die rykdom van sy genade in oorvloed aan ons gegee het."* Ephesians 1:7 NLV

   *"Almal van ons het weggedwaal soos 'n klomp skape. Ons het ons eie pad gevolg. En toe het die Here ons almal se skuld en sondes op hom laat neerkom. Hy is geslaan en mishandel, maar hy het sy mond nie oopgemaak nie. Hy is soos 'n lam wat ter slagting gelei word. Soos 'n skaap stil is voor sy skeerders, so het ook hý sy mond nie oopgemaak nie. Hy is verdruk, skuldig bevind, en weggelei na sy dood. Wie van sy mense het besef dat hy vir hulle sondes doodgemaak word? Dat hy eintlik in húlle plek gestraf word? Hy het niks verkeerds gedoen nie, en het nooit enigiemand bedrieg nie. Tog is hy soos 'n misdadiger begrawe,in 'n ryke se graf neergelê.Maar dit was die Here se wil om hom te vermorsel en te laat ly. Al het die Here sy lewe 'n skuldoffer gemaak, sal hy 'n groot nageslag kry en nog lank lewe. Die Here se plan sal as gevolg van Hom ontvou.."* Isaiah 53:6-10

   *"Hierdie Jesus is oorgelewer om ter wille van ons sondes te sterf, en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.."* Romans 4:25

2. EK HET NIE NODIG OM DOOD TE VREES NIE!

   *"Ons het ons verseker nie op mites verlaat toe ons vir julle vertel het van die krag van ons Here Jesus Christus en sy terugkeer nie. Met ons eie oë het ons Hom in al sy koninklike prag gesien."* 2 Peter 1:16

   *"In die loop van 40 dae na sy lydenstyd het Hy by verskeie geleenthede aan die apostels verskyn, en op baie maniere aan hulle bewys dat Hy regtig lewe. Hy het telkens met hulle oor die koningsheerskappy van God gepraat."* Acts 1:3

   *"Die kern van die boodskap wat ek destyds aan julle deurgegee het, en wat ek weer van hulle voor my ontvang het, was dat Christus, soos in die Skrif staan, vir ons sondes gesterf het. Ook dat Hy begrawe is en God Hom op die derde dag opgewek het, soos in die Skrif staan. Verder dat Hy aan Petrus verskyn het en daarna ook aan die twaalf apostels. Daarna het Hy aan meer as 500 van sy volgelinge tegelyk verskyn. Van hulle leef die meeste nou nog, maar party is reeds dood. Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en later aan al die apostels. Heel laaste van almal het Hy ook aan my verskyn…"* 1 Corinthians 15:3-8

3. EK KAN GOD SE GEES BINNE MY HÊ!

   Jesus sê, *"Maar wanneer die Heilige Gees oor julle kom, sal julle krag ontvang en oral mense eerstehands van My vertel – in Jerusalem, oor die hele Judea, in Samaria, en tot in die uithoeke van die aarde.."* Acts 1:8

*"Mag julle insien hoe enorm groot die krag is wat God gebruik vir ons wat glo. Dieselfde magtige sterkte was ook aan die werk toe God Christus uit die dood opgewek het en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het.."* Ephesians 1:19-20

4. EK KAN GOD SE ONVOORWAARDELIKE LIEFDE ERVAAR!

*"God het die mensdom só liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. God het immers nie die Seun na die mensewêreld toe gestuur om die mense te veroordeel nie, maar sodat die mense deur Hom verlos kan word."* John 3:16-17

*"Ek gee julle 'n nuwe opdrag: Julle moet mekaar liefhê; soos Ek julle liefhet, net só moet julle mekaar ook liefhê. 35As julle mekaar liefhet, sal almal daaraan sien dat julle my dissipels is."* John 13:34-35

*"Op hierdie manier is dit duidelik wie die kinders van God en wie die kinders van die duiwel is. Almal wat nie reg optree nie en ook nie hulle medegelowiges liefhet nie, is nie uit God nie. Dít is die boodskap wat ons van die heel begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê."* 1 John 3:10-11

5. EK KAN MY LEWE MET Ń DOEL EN BETEKENIS UITLEEF!

*"As julle probeer om julle lewe selfsugtig vir julleself te bewaar, sal julle dit verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My en ter wille van die Goeie Nuus prysgee, sal julle dit juis red".* Mark 8:35

*"mense wat hulle lewe gewaag het vir die Naam van ons Here Jesus Christus."* Acts 15:26

*"Ons swaarkry op die oomblik is gering en tydelik, maar dit bewerk vir ons heerlikheid wat alles verreweg oortref en vir altyd vas sal staan. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare, want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare vir altyd."* 2 Corinthians 4:17-18

*"Want vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins.."* Philippians 1:21

6. EK GAAN VERSEKER HEMEL TOE!

*"God het inderdaad 'n kosbare erfporsie vir sy kinders. Hierdie erfporsie kan nie tot niet gaan of besmet word of verwelk nie; God hou dit veilig by Hom."* 1 Peter 1:4

*"Dit is wat die Skrif bedoel met die woorde:"Wat geen oog gesien het; wat geen oor gehoor het; wat in niemand se hart opgekom het nie –dit het God voorberei vir hulle wat Hom liefhet!"* 1 Corinthians 2:9

*"Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie."* John 14:6